

# Ons Afrikaanse Psalm- en Gesangboek

## *Hoe Hy Gemaak is, en Wie Hom Gemaak Het*

**D**IE Afrikaanse Psalm- en Gesangboek, die bundel waarna met soveel verlange uitgesien is, is gereed. Wie hom berym het, waar en wanneer hy berym is dit weet ons, maar hoe en deur wie die boek eintlik gemaak is, dit weet ons nie. In hierdie artikel sal ons die lesers dus 'n kykie agter die skerms probeer gee en hulle een en ander vertel van die werk wat daar met so 'n groot onderneming gemoet is.

Met die uitdeling aan die onderskeie kerkrade dwarsdeur ons land van die eerste 80,000 eksemplare van die Psalm- en Gesangboek uit die eerste oplaag van 150,000 is een van die belangrikste drukwerk-ondernemings van stapel gestuur wat nog ooit in Suid-Afrika aangepak is.

Daar die Psalmboek reeds in 1937 verskyn het, is in 1942 'n begin gemaak met die druk van die eerste deel van die huidige bundel, nl. die Psalms. In November 1943 het die drukkers, die Nasionale Pers, Bpk., die laaste proewe teruggekry van die Revisiekommissie en kon 'n begin gemaak word met die druk van die eerste oplaag van die Gesange met musieknotasie by die eerste versie van elke gesang.

Vir hierdie reuse-stuk drukwerk was 3,150,000 velle spesiale papier nodig, op elkeen waarvan twee-enderdertig bladsye van die boeke tege-lyk gedruk is. Op 15 Julie vanjaar was al die drukwerk klaar.

By lettersettery met die hand of die masjien moet altyd die grootste presiesheid en sorg beoefen word. Musieksettery vereis dubbele versigtigheid en akkuraatheid. Druk-foute het al baie moeilikheid in die wêreld veroorsaak en meer as een onskuldige in die verleentheid gebring — en 'n setfout in 'n psalm of gesang kan maklik 'n lelike wanklank in 'n kerk veroor-saak. As 'n mens bedink dat daar,

kan 'n mens geredelik begryp hoe maklik 'n fout kan insluip en waar-om daar soveel sorg aan die dag gelê moet word, sowel deur die setter as deur die reviseur, of proef-leser.

Voordat die musieksetter met die note begin, moet die woorde van die psalm of gesang eers op die setmasjien geset word. Daarna word die woorde nagesien om moontlike setfoute te verwyder. Nou kom die musieksetter aan die beurt. Hy neem die reël, en omdat elke noot presies bokant die woord moet kom, moet hy dit by elke reël eers haarfyn afmeet. Hy neem nou sy sethaak en begin die note set. Die matryse is van verskillende dikte, en om die notebalkies, of die strepies waarop die note sit, behoorlik te laat aansluit, moet hy dit dikwels met die allerfynste lyn-tjies, wat eweneens in matryse ge-graveer is, aanvul. Die reël wat hier afgedruk word, gee die leser 'n denkbeeld van wat bedoel word.

dan beteken dit dat die hele reël oorgeset moet word.


Dit duur 'n hele rukkie om een gesang of psalm klaar te maak, en elkeen word netjies op maat in bladsye gemaak en in seksies van twee-en-dertig bladsye na die druk-pers gestuur. En ook hier moet daar meer sorg as by gewone druk-werk beoefen word, omdat die papier van die Psalm- en Gesang-boek besonder dun is. Dit word weerskante gedruk en dit mag nie deurskyn nie. Nadat hulle klaar gedruk is, gaan die velle na die bindery om gevou en ingebind te word.

Die boek het 'n formaat van vier by ses duim en beslaan altesaam 672 bladsye. Die mooi swart band word met 'n spesiale masjien ge-maak en die letters daarop met 'n besondere handpers gedruk.

Die Nasionale Pers het al heel-wat musiek gedruk, maar dit moes nog altyd geskryf of geteken en daarna in vaste plate gegiet word.



Wanneer 'n reël klaar geset is en daar is gesorg dat die note presies bokant die woorde pas, word dit op die masjien gegiet, en dan lyk dit soos die eerste reël musiek en woorde van Gesang 1, wat hier-onder afgedruk word.




Die Afrikaanse Psalm- en Gesang-boek is die tweede groot stuk musiekwerk wat in ons land noot vir noot met die hand geset is. Die eerste was die Psalmboek, wat sewe jaar gelede verskyn het en ook deur die Nasionale Pers gedruk is.

Voordat die volgende reël geset kan word, moet die setter eers die matryse van die vorige reël in hul afsonderlike vakkies in die kas terugsit. Maak hy hiermee 'n fout, dan kom daar seker en gewis

Die man wat in albei gevalle die musiek geset het, is mnr. Jan Dekker.

By gewone setwerk hoef die setter nie noodwendig te verstaan wat hy set nie, soms selfs nie eens die taal nie, en hy volg dus dikwels maar net die kopie. Maar by hierdie werk is 'n mate van musiek-kennis feitlik onontbeerlik. Mnr. Dekker is toevallig self musikus, en hy het dus presies geweet wat hy doen. Hy speel van sy tiende jaar af al viool en het hom later veral op die alt-viool toegelê. In hierdie verband kan vermeld word dat hy jare gelede op Potchefstroom saam met Totius, die geëerde psalm-berymmer, in 'n klein orkes van die Teologiese Skool gespeel het.

Met die verskyning van die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek, wat e.k. Sondag deur die Ned. Geref. Kerk feestelik in gebruik geneem word, sal die laaste spoor van Nederlands uit die Afrikaanse kerke verdwyn, en die manne wat verantwoordelik was vir die uit-voering van hierdie groot stuk werk op die gebied van die boekdrukkuns in ons land is mnr. C. Snoek, bedryfsbestuurder van die Nasio-nale Pers, mnr. J. Gorter, voorman van die platpersafdeling, mnr. J. Hugo, voorman van die bindery, en, soos reeds gesê, mnr. Dekker, wat die musiek geset het.



Groep „geneem in die platpersafdeling van die Nasionale Pers, Kaapstad, op 15 November 1943 by geleentheid van die aanvang van die druk van die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek. Van links na regs: mnr. I. B. Kasselmann van die S.A.B.V., mnr. H. J. Otto, hoofbestuurder van die Nasionale Pers, eerv. A. J. Brink, ds. G. L. van Heerde, mev. ds. J. A. S. Oberholster, dr. C. C. Neppen, dr. P. F. Greyling, sekr. van die S.A.B.V., en mnr. J. Gorter, voorman van die platpersafdeling.

vir die eenvoudige koraalmusiek van ons psalms en gesange meer as tweehonderd verskillende matryse — of note-vormpies — gebruik word,

foute in die volgende reël; en as daar 'n verbetering aangebring moet word in die musiek of die woorde, al is dit hoe gering ook,